NUUSBRIEF 5

13 MAART 2025

## BELANGRIKE DATUMS

Druk asseblief op die onderstaande skakel vir die belangrike datums.

## GRAAD 1-INSKRYWINGS 2026

Dit is vir ons aangenaam om u in kennis te stel dat aansoeke vir Graad 1 (2026) nou oop is.

Ons moedig alle belangstellende ouers aan om hul aansoeke so gou moontlik in te dien, verkieslik voor 20 Maart 2025, wanneer die eerste korrepondensie ten opsigte van die evaluering aan ouers gestuur word. Deur betyds aansoek te doen, help u om enige administratiewe prosedures en voorbereidings betyds af te handel, wat die proses vir u en u kind gemakliker maak.

Om aansoek te doen, besoek asseblief MCP TOELATINGS vir gedetailleerde inligting en instruksies om die aanlyn aansoek te voltooi.

Vir enige navrae of hulp met die aansoekproses, kontak asseblief die toelatingskantoor (Corrie Burger corrieb@midstreamcollege.co.za of 012 9409122).

## SPORTUITSLAE

Druk asseblief op die onderstaande skakel vir die sportuitslae.

## ONS BID

Graad 6:
Hemelse God, ons dank U vir die skoonheid en balans wat ons in die natuur sien, soos die heksagonale heuningkoek, die unieke sneeuvlokkies, en die simmetrie van blomme. Ons vra dat U ons Graad 6's sal help om dieselfde balans in hul lewens te vind. Here, skenk aan hulle harmonie in hul verhoudings, vrede in hul harte, en krag om enige uitdagings wat oor hul pad kom die hoof te bied. Mag hulle voel dat U teenwoordigheid hulle lei, net soos die patrone in die natuur U perfekte ontwerp wys. In U Naam, Amen.

Graad 7:
Hemelse Vader, ons dank U vir die groei en leer wat ons Graad 7's hierdie jaar gaan ervaar. Ons bid dat U hulle sal bly lei, en hulle help om sterk te eindig, met harte vol dankbaarheid en opgewondenheid vir die toekoms. Mag hulle die lesse van hierdie jaar met hulle saamneem, elke oomblik koester, en hierdie jaar voltooi met 'n gevoel van tevredenheid en vervulling. Seën hulle met die krag om hul beste te gee in alles wat hulle doen, en mag hulle altyd onthou dat U met hulle is elke stap van die pad. In Jesus se Naam, Amen

## MIDSTREAM RIDGE LAERSKOOL

**Terwyl ons aan die een kant met liefde van mnr. Vernon Harmse afskeid neem, verwelkom ons aan die ander kant vir mnr. Nico Loggenberg, die nuwe hoof vanaf kwartaal 3 by Midstream Ridge Laerskool.**

**Ons vertrou dat mnr. Harmse sy welverdiende aftrede sal geniet en baie van sy reisdrome sal vervul. Ons wens hom 'n geseënde en gelukkige aftrede toe.**

# ATLETIEK: GAUTENG-KAMPIOENSKAPPE

Baie geluk en sterkte aan die volgende vyf atlete wat vir die Gauteng-kampioenskappe gekwalifiseer het:
Luke Annandale – 1 200 m
Arno Kleynhans – 100 m
Mishke Cilliers – 75 m Hekkies, 150 m Hekkies, 100 m
Caleb Pfukwa – 100 m, 150 m
Jessica Barnard – 200 m Hekkies, Verspring

Baie geluk aan al ons atlete met hulle uitsonderlike prestasies tydens die Distrikkampioenskappe. Hiermee die uitslae tydens die Distrik Atletiekbyeenkoms:

Bea Ludick – 70 m Hekkies: 7de plek
André le Roux – 1 200 m: 3de plek
Lea Klerck – 70 m Hekkies: 3de plek
Luke Annandale – 1 200 m: 1ste plek
Arno Kleynhans – 100 m: 1ste plek
Jaco Oosthuizen – Gewigstoot: 4de plek
Mishke Cilliers – 75 m Hekkies: 1ste plek, 150 m Hekkies: 1ste plek, 100 m: 1ste plek
Caleb Pfukwa – 100 m: 1ste plek, 150 m: 1ste plek
Jandré Venter – Spiesgooi: 4de plek
Jessica Barnard – 200 m: 2de plek,
200 m Hekkies: 1ste plek,
Verspring: 1ste plek met nuwe rekord
Michael Delport – 80 m Hekkies: 5de plek,
200 m Hekkies: 7de plek
Aleksander Olwagen – 80 m Hekkies: 3de plek,
200 m Hekkies: 3de plek,
Verspring: 3de plek
Marcel van der Leek – 800 m: 4de plek,
1 500 m: 4de plek
Thomas van der Linde – Verspring: 5de plek

# OOP KOMMUNIKASIE

Ouers word weer aangemoedig om die skool te kontak indien daar enige bekommernisse oor u kind/ers is. Ons waardeer u insette in die geluk van u kind en wil graag ondersteuning en leiding bied in die oplos van enige vriendskapsprobleme of -uitdagings.

# STUDIEMETODEKURSUS

Druk asseblief op die onderstaande skakel vir meer inligting rakende 'n studiemetodekursus wat vir die Afrikaanssprekende graad 4- tot 7-leerders tydens die vakansie aangebied word.

# GRAAD 8-INSKRYWINGS 2026

Graad 8-inskrywings vir 2026 is tot 28 April 2025 oop. Indien u kind by Midstream College gaan inskryf, moet u asseblief aanlyn aansoek doen. Besoek asseblief die Midstream College-webblad vir al die nodige instruksies en die aanlyn toelatingsvorm.

Vir enige toelatingsnavrae kontak me. Anique van Zyl (AniqueV@midstreamcollege.co.za).

# GRAAD 1-GALA

Die graad 1-gala vind Vrydag 11 April by die skool plaas. Die gala begin om 14:00. Indien u kind vryslag, borsslag en/of rugslag met gemak (sonder enige hulp) oor 'n afstand van 25 m kan swem, is u welkom om u kind vir die gala in te skryf, deur op die skakel te klik. Die afsnydatum vir die inskrywings is Maandag 7 April om 14:00. Ongelukkig kan geen laat inskrywings aanvaar word nie.

# OUERMIDDAG

Die ouermiddag vind op Woensdag 9 April plaas. Afsprake moet asseblief op die Ed-admin Multi Portal Toep gemaak word. Kies asseblief die Ouerpoort en druk op u kind se foto. Kies “Parent Teacher Meeting” van die aftreklys en maak jou bespreking. Die Ouerpoort sal vanaf Dinsdag 18 Maart om 16:00 tot Dinsdag 8 April om 10:00 oop wees. Geen afsprake kan dus later as Dinsdag 8 April om 10:00 gemaak word nie.

U sal dan ’n e-pos ter bevestiging van u afspraak ontvang.

# ED-ADMIN MULTI PORTAL




# VAKANSIEKLUB

’n Vakansieklub sal in Maart aangebied word. Maandag 24 Maart tot Donderdag 27 Maart van 07:30 – 12:30 halfdag, 07:30 – 16:30 voldag, en Vrydag 28 Maart van 07:30 – 12:30. Alle ingeskrewe Midstream College Primêre Skool-leerders is welkom. Indien u belangstel, voltooi asseblief die onderstande Google-vorm teen 14 Maart. Geen laat inskrywings sal aanvaar word nie.

# VERLOORSTOOR (LOST AND FOUND)

Ure wat die Verloorstoor oop is:
Maandag – Vrydag: 07:00 – 08:00 (Geen middae tye)
Ons vra dat ouers asseblief leerders se klere duidelik sal merk.

# TWEEDEHANDSE UNIFORMWINKEL

Ure wat Tweedehandse uniformwinkel oop is:
Maandag en Woensdag: 07:00 – 08:00
Alternatiewe tye wat die tweedehandse uniformwinkel oop is word op die WhatsApp-profielfoto geplaas: 082 520 0478.

# UNIFORMWINKEL

Die Uniformwinkeltye tydens die vakansie is as volg:
20 Maart – 07:00 tot 15:00
21 Maart – 2 April – Gesluit
3 & 4 April – 08:00 tot 16:00
7 April – 08:00 tot 17:00
8 April terug na gewone winkelure.

# ARTSTRAVAGANZA

ARTStravaganza is ons nuwe formaat van wat die ou Kultuurfees was. Dit sal vir 3 weke duur vanaf 9 Junie tot 26 Junie. Inskrywings open 14 April en sluit 25 April.
Daar sal 'n paar kategorieë wees wat wegval aangesien dit deel vorm van die akademiese program of deel van 'n ander buitemuurse program.
Die volgende kategorieë sal deel vorm van die ARTStravaganza:
Dans, Sang, Afrikaanse Drama, Engelse Drama, Kuns, Instrumentaal en Fotografie.

# TUCK IN

Vir u gerief moet aanlynbestellings voor middernag van die vorige dag wat die bestelling benodig word, geplaas word. Ons berei die bestelling die volgende oggend voor en lewer teen 9:00 die bestellings by die graad 1- tot 3- leerders se klaskamers af. Die graad 4- tot 7- leerders kom haal vanaf 10:00 hulle bestellings self by Tuck In.




# PRAATJIE: DIE DIGITALE DILEMMA

Dr. Anke de Beer sal op Woensdag 23 April ’n praatjie getiteld The Digital Dilemma vir die graad 6- en 7-leerders van beide laerskole, sowel as hoërskoolleerders, aanbied. Dr. De Beer het ook ingestem om dieselfde insigte met ouers te deel, en ’n geskikte datum vir hierdie sessie sal mettertyd gekommunikeer word. Dr. De Beer is ’n gerespekteerde spreker, navorser, konsultant en skrywer oor die dringende kwessie van tegnologie en die verwoestende uitwerking daarvan op die mensdom. Sy gebruik haar uitgebreide akademiese kennis en ervaring in die beradingskamer om mense met die gebruik van digitale media op te lei. Sy het al saam met skole, organisasies, kerke en wetstoepassers gewerk.

